# Hoofstuk van die dag: Lukas 18

*Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te*

*word. (vers 1)*

As ek hierdie gelykenis reg verstaan, sê Jesus ons kan 'n saak maar weer en weer voor God se troon bring. Bid oor 'n saak tot jy 'n antwoord kry, of dit nou "ja" of "nee" of "later" is. Maar jy mag aanhou, nee, jy móét aanhou bid tot jy 'n antwoord kry. Dis wat Jesus hier vir ons sê. Partykeer is dit juis in die herhaalde vra dat God ons hart beter leer verstaan, en beter weet hoe ons dink en waar ons passie lê.

Uiteindelik is dít geloof: om in 'n oop, eerlike verhouding, en in afhanklikheid, voor God te leef.

Ek dink nie Jesus wil in dié gelykenis vir ons sê ons moet ure lank elke dag of week tot Hom bid nie. Dit gaan nie oor hoe lank jy op 'n keer kan bid nie. Dit gaan eerder oor 'n daaglikse oop verhouding met God, oor 'n lewe waarin jy jou hart voor God met vrymoedigheid en met vreugde oopmaak, elke dag, omdat Hy jou Here en jou God is.

Mag ek en jy só voor God leef!


## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026